AFRIKAANS EN "ALL"

KUNSTEFEES DURBAN
1-4 SEPTEMBER 2011

Boekemark

Gesinsvermaak

Kos- en kunsmark (oor die 30 stalletjies)

Kindervermaak

Rooikaart (met Frank Opperman). - **1 Sept om 20:30**

Opperman in ‘n verrassende nuwe verhoogkarakter Wally Koekemoer. Wally is `n rugbyfanatikus wat spook om die jaarlikse prysuitdeling van sy rugbyklub te behartig en om alles bymekaar te hou, ondanks die afwesigheid van die meeste spelers! Op sy onbeholpe manier probeer hy sy aksies regverdig, maar geraamtes tuimel uit die kas en in die proses val hy letterlik oor sy eie voete! Lekker lag vermaak op sy beste.

R100. Kinders O/16 R80 Pensionarisse (Pens) R80

Howzit my Bra! (met Shimmy Isaacs)**2 Sept om 18:00**

Die skreeusnaakse Shimmy Isaacs kry dit reg om jou te laat lag totdat jy huil en te laat huil totdat jy skaterlag! Met “Howzit my Bra!” kry sy dit reg om gehore se emosies wipplank te laat ry, terwyl sy die stories van dapper vroue se stryd teen borskanker vertel. Die vertoning is beslis ‘n **moet** vir elke moeder en dogter.

R75. Kinders O/16 R65, Pens R65

Liewe Heksie en die wals (met Margit Meyer-Rödenbeck en Deon van Zyl). - **3 Sept om 10:00**

Haai oe, julle stoute kabouters. Wat gebeur as Liewe Heksie deelneem aan Blommeland se eie “Strictly Come Dancing?” Boonop kry sy die belangrike taak om die Silwerroos op te pas. Hierdie gesinsvermaak sal almal laat skaterlag van plesier. Pappa en mamma kom kyk saam met jul kinders na hierdie opwindende vertoning.

R60, Kinders O/16 R50,
Pens R40

My naam is Ellen Pakkies (met Vinette Ebrahim en Christo Davids van 7de Laan). - **3 Sept om 13:00**

Die aangrypende verhaal van Ellen Pakkies. `n Oënskynlik doodgewone vrou van die arm woonbuurt Lavender Hill buite Kaapstad, wat haar seun Adam, `n tik-verslaafde, vermoor het. Die verhaal het wêreldwyd opslae gemaak. Benewens die beriggewing in die media dwarsoor die wêreld, is daar ook twee doktorale proefskrifte oor die kontroversiële saak geskryf. Hierdie eg-menslike en roerende verhaal van verslawing, boosheid, liefde, weerloosheid, oorlewing, vergifnis - en uiteindelik hoop, word met sorgvuldige realisme in **My Naam is Ellen Pakkies** op die verhoog uitgebeeld.
Geen onder 16 (Taal).
R120, Pens R100

Kom jol in Afrikaans - 1 Sept om 18:00
Kom beleef die sprankel van die pragtige twee dames wat ons gaan bekoor met hul musiek.

MoniQue is ‘n meisie met ‘n “twist” en word met Cascade vergelyk. Sy is sprankelend, energiek, geseën met ‘n dinamiese stem en betower gehore behoorlik met haar musiek.

Karin K is ‘n sprankelende, dinamiese sangeres met ‘n borrelende verhoog-persoonlikheid. Hierdie talentvolle kunstenaar skryf die meeste van haar liedjies self en trek die aandag van haar gehoor met goeie musiek asook haar liefde vir die elektriese- en akoestiese kitaar.

R80, Kinders O/16 R60, Pens R60

Fender Guitar Heroes - 2 Sept om 19:30

‘n Energieke kitaarvertoning deur bekende kitaarhelde met die steun van Glenwood Village Music. Die vertoning bevat uittreksels uit komposisies geskep op die bekende Fender kitaar handelsmerk.

R50, Kinders O/16 R40, Pens R40

Blarney Brothers - 2 Sept om 20:30

Die Blarney Brothers het die vermoë om enige gehoor te vermaak met hul unieke vermenging van tradisionele en kontemporêre saamsing en saamdans musiek.

Kom geniet die musiek in ‘n gesellige biertent atmosfeer.

R65, Kinders O/16 R45, Pens R45

Unison - 3 Sept om 16:00

UNISON se Allen en Margaux is ‘n funky, energieke duo van Kaapstad wat weet hoe om te vermaak en ‘n storm in ‘n gehoor te veroorsaak. Die sangpaar word deur Huisgenoot beskryf as Suid-Afrika se eie Afrikaanse Roxette. Unison het al ‘n hele paar van Roxette se “songs” wettiglik “op só ‘n wyse gecover”’, dat selfs 5FM se luisteraars baie onlangs met ’n verbasende 19 teen 1 meerderheid gestem het vir hul weergawe van “Dress For Success” op die “Old School-New School Show”

R40, Kinders O/16 R30, Pens R30

Afrikaans is tops - 3 Sept om 18:00
'n Voorvertoning word deur Arri Opperman en Mari Minnaar aangebied.

Emo Adams is 'n Suid-Afrikaanse akteur, sanger en vervaardiger wat bekend is vir sy samewerking met David Kramer en wyle Taliep Pietersen en in besonder vir sy rolle in verskeie musiektreffers soos "District 6, The Musical" en "Kat & the Kings".

Emo is een van die gewildste musikante en komediante in Suid-Afrika wat Afrikaans werklik laat leef.

R130, Kinders O/16 R100, Pens R90

Raak rustig in Afrikaans - 4 Sept om 11:30
'n Voorvertoning word deur Arri Opperman en Touch of Class aangebied.

Bobby van Jaarsveld het geen bekendstelling nodig nie, want net waar hy kom, word hy deur bewonderaars oorval. Hy lyk soos iemand wat pas uit 'n Hollywood-film gestap het en sing tot diep in 'n mens se hart met sy ongekunstelde, gemaklike stem. Bobby het in 2010 die hoofrol teenoor talle bekende akteurs en aktrises in 'n Afrikaanse musiek-rolprent LIEFLING – DIE MOVIE, vertolk.

R140, Kinders O/16 R100, Pens R90

Absa/ Pinotage kos- & wynkonsert
2 Sept om 18:00 - Reeds uitverkoop
3 Sept om 11:30 - R75
Hierdie gewilde kos- en wynkonsert word weer vanjaar aangebied deur Beyers Truter, wêreldwyd bekend as die Pinotage-koning met sy passie vir rooiwyn. Die konsert behels 'n wynproe met ligte verversings, kuier, kos, wyn en musiek. Beslis 'n onvergeetlike ervaring. Dozi is vanjaar deel van die koskonsertspan.

Whisky proe
3 Sept om 10:30 - R10
3 Sept om 14:30 - R10
Gepraat van ‘n Kollig? ‘n Whisky- en sjokolade proe-sessie debuteer by vanjaar se Absa Kolligfees. Maak jou gereed vir ‘n outentieke toer deur die Skotse en Ierse whisky-landskappe. Proe sal daar geproe word! Twee verskillende sessies word aangebied.

Musiekpakket

Kom woon al die musiekvertonings by vir slegs R300 of R230 vir O/16, Pens R230

Pensionaris (Pens) kaartjies is slegs by Port Natal Skool beskikbaar

Kaartjies ook beskikbaar by www.Computicket.com